## SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

**NO. R. 1289** **21 OKTOBER 2016**

# DOEANE EN AKSYNSWET, 1964.-
# WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/1/1551)

Kragtens artikel 48 en vir die doeleindes van artikel 49(1)(a) en (b) van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae No. 1 by bogenoemde Wet hiermee gewysig, **met ingang vanaf 10 Oktober 2016**, in die mate in die Bylae hierby aangetoon.

**M JONAS**
**ADJUNKMINISTER VAN FINANSIES**

**BYLAE**

**Deur die vervanging van Algemene Opmerking IJ, in Bylae No. 1 van die volgende:**

IJ. GOEDERE INGEVOER VANAF DIE EU

1. (a) In hierdie Opmerking sal die uitdrukkings "Ooreenkoms", "EU" en "Protokol" betrekking hê op die Ekonomiese Vennootskap Ooreenkoms tussen die Europese Unie en sy Lidstate, aan die een kant en die SADU EPA aan die ander kant en Protokol 1 daarvan waarvoor betekenisse toegeken is in die definisies in die Opmerkings by Deel A van die Bylae by die Algemene Opmerkings by Bylae No. 1 vervat.

   (b) "Aanhangsel II" beteken Aanhangsel II tot hierdie Ooreenkoms

2. (a) Hierdie ooreenkoms sal voorlopig in werking tree op 10 Oktober 2016.

   (b) Kragtens paragraaf 11 van Afdeling B van Deel 1 van Aanhangsel II van die Ooreenkoms sal doeanereg op goedere wat meer is as die hoeveelhede gelys in daardie Afdeling B, alhoewel nie bestem as sulks in die SADU Bylae nie, sal uitgesluit wees van die tariefverminderingsbinding soos voorsien word in oorleg met faseringskatagorie "X" soos omskryf in paragraaf 8 van Afdeling A in Aanhangsel II van die Ooreenkoms en sodanige goedere sal dan onderhewig wees aan die skaal van reg in die "Algemene Skaal" kolom vermeld.

   (c) Enige skaal van reg is onderworpe aan die faseringskatagorie soos in Aanhangsel II van die Ooreenkoms vermeld.

3. (a)

   (i) Paragraaf 13 van Afdeling B van Deel 1 van Aanhangsel II vermeld die hoeveelhede, datums en ander kwalifiserende vereistes in faseringskatagorië vir die toepas van 'n TSK ten opsigte van goedere daarin vermeld instede van die skaal vermeld in die EU kolom van Deel 1 van Bylae No. 1; en

   (ii) Tabel 1 hieronder vermeld die tariefsubposte vir die goedere en die toekenning vir elke SADU Staat.

   (b) Die TSKs is onderworpe aan die beheer soos voorsien in paragraaf 9 van Afdeling B van Deel 1 van Aanhangsel II.

   (c) Enige TSK wat beskikbaar gestel word in Suid Afrika in terme van paragraaf 9(b)(ii) van Afdeling B sal geadministreer word asof dit deel was van die oorspronklike toekenning.

3.1 SADU TSKs Toekenning:

Tabel 1 onder dui die hoeveelhede toegeken vir elke SADU Lid Staat aan soos bedoel in paragraaf 9(b)(i) van Afdeling B vir die jaar 2016. In die jaar 2016 sal die kwota vir goedere gelys in Tabel 1 op 'n pro rata basis toegeken word. Die kwota toekenning vir die daaropvolgende jaar sal afhang van die gebruikte kwota van die vorige jaar.

**Tabel 1:**

| **Tabel 1: SADU TSK Toekenning vir die Eerste Jaar na inwerkingtreding van die EPA** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | **Botswana** | **Lesotho** | **Namibië** | **Suid Afrika** | **Swaziland** |
| **HS Kode** | | **Kwota (ton)** | **TSK Toekenning in ton** | | | | |
| 02032200<br>02032990 | Vark | 1 500 | 60 | 25 | 140 | 1 250 | 25 |
| 02090000 | Varkvet | 200 | 60 | 10 | 80 | | 50 |
| 040510<br>040590 | Botter<br>Ander | 500 | 50 | 10 | 95 | 325 | 20 |
| 04061000<br>04062000<br>04064000<br>04069090 | Kaas | 7 400 | 962 | 222 | 1332 | 4 440 | 444 |
| 100190 | Koring | 300 000 | 13 300 | 10 000 | 27 180 | 248 494 | 1 025 |
| 100300 | Gars | 10 000 | 10 | 15 | 1 000 | 8970 | 5 |
| 16010020 | Mortadella Bologna | 100 | 2 | 2 | 25 | 68 | 3 |
| 19019040 | Ander, in onmiddelikke verpakkings met ‘n inhoud van minstens 5 kg | 2 300 | 415 | 60 | 120 | 1 334 | 370 |
| 210500 | Roomys | 150 | 45 | 10 | 50 | 30 | 15 |

3.2 Vir die doeleindes van Tabel 1, totale hoeveelheid van goedere gespesifiseer in die subparagrawe van paragraaf 13 van Afdeling B van Deel 1 van Aanhangsel II, beteken in iedere geval dat die totale hoeveelheid in metrieke tonne van die TSK vir daardie goedere indeelbaar in subposte van die HS Kode in die eerste kolom van Tabel 1.

3.3 Ingevolge paragraaf 13 van Afdeling B van Aanhangsel II:

“13 Die volgende faseringskatagorië sal van toepassing wees op TSKs deur SADU goedgekeur volgens opdrag in Artikel 25(1) –

(a) [*koring en saad*] die totale hoeveelheid van goedere van herkoms in faseringskatagorie “D*” sal toegelaat word om elke kalenderjaar teen ‘n vry skaal van reg ingevoer te word vanaf die datum waarna verwys word in paragraaf 2 van hierdie AANHANGSEL, soos hieronder vermeld:

<u>Hoeveelheid</u>

300 000 metrieke tonne

Indien die datum waarna verwys word in paragraaf 2 van AANHANGSEL II ooreenkom met 'n datum na 1 January en voor 31 Desember van dieselfde kalenderjaar, die TSK hoeveelheid, wat van toepassing sal wees vir die oorblywende kalenderjaar, sal pro rata verminder word vir die oorblywende aantal dae van daardie kalenderjaar.

Produkte onder hierdie TSK mag slegs ingevoer word deur die hawens van Walvisbaai in Namibië, en Durban en Richardsbaai in Suid Afrika.

Produkte onder hierdie TSK ingevoer en vir bestemming vir binnelandse verbruik in Suid Afrika sal toegelaat word vir klaring vanaf 1 Februarie tot 31 Oktober.

Produkte ingevoer onder hierdie TSK en bestem vir finale verbruik in Namibië sal alleenlik toegelaat word vir klaring vanaf 1 Maart tot 30 November.

(b) [*gars*] die totale hoeveelheid van goedere van herkoms in faseringskatagorie "E*" wat toegelaat sal word om elke kalenderjaar vry van reg ingevoer te word, met ingang vanaf die datum verwys na in paragraaf 2 van hierdie AANHANGSEL, soos hieronder vermeld:

<u>Hoeveelheid:</u>

10 000 metrieke tonne

Indien die datum waarna verwys word in paragraaf 2 van hierdie AANHANGSEL ooreenkom met 'n datum na 1 Januarie en voor 31 Desember van dieselfde kalenderjaar, die TSK hoeveelheid, wat van toepassing sal wees vir die oorblywende kalenderjaar, sal pro rata verminder word vir die oorblywende aantal dae van daardie kalenderjaar.

(c) [*kaas*] die totale hoeveelheid van goedere van herkoms in faseringskatagorie "F*" wat toegelaat sal word om elke kalenderjaar vry van reg ingevoer te word, met ingang vanaf die datum verwys na in paragraaf 1 van hierdie AANHANGSEL, soos onder gespesifiseer:

| <u>Jaar</u> | <u>Hoeveelheid (metrieke tonne)</u> |
|---|---|
| 2015 | 7 250 |
| 2016 | 7 400 |

Na 2016, sal die hoeveelheid vermeerder word met 150 metrieke tonne per jaar.

By wyse van uitsondering, met ingang vanaf die datum waarna verwys word in paragraaf 2 van hierdie AANHANGSEL tot en met die datum waarna verwys word in paragraaf 2 van hierdie AANHANGSEL, sal goedere onderworpe aan hierdie TSK indeelbaar in tarieflyne 04061000, 04062000, 04064000 en 04069099 toegelaat word in Suid Afrika in 'n in-kwota reg van 50 persent van die MBN toegepaste reg.

Met ingang vanaf die datum waarna verwys word in paragraaf 2 van hierdie AANHANGSEL, sal die totale hoeveelheid, soos vermeld in hierdie paragraaf, van goedere van herkoms in hierdie faseringskatagorie toegelaat word om elke kalenderjaar teen 'n vry skaal van reg in die SADU toegelaat word.

(d) [*varkvet*] die totale hoeveelheid van goedere van herkoms in die faseringskatagorie "G*" sal toegelaat word om elke kalenderjaar teen 'n vry skaal van reg ingevoer te word, met ingang vanaf die datum waarna verwys word in paragraaf 2 van hierdie AANHANGSEL, soos onder vermeld:

<u>Hoeveelheid</u>

200 metrieke tonne

Indien die datum waarna verwys word in paragraaf 2 van hierdie AANHANGSEL ooreenstem met 'n datum na 1 Januarie en voor 31 Desember van dieselfde kalenderjaar, die TSK hoeveelheid, wat van toepassing sal wees op die oorblywende kalenderjaar, sal pro rata verminder word met die oorblywende aantal dae van daardie kalenderjaar.

(e) [graan gebaseerde kosbereidings] die totale hoeveelheid van goedere van herkoms in faseringskatagorie "H*" sal toegelaat word om elke kalenderjaar teen 'n doeanereg van 25 persent van die MBN toegepaste skaal ingevoer te word, met ingang vanaf die datum waarna verwys word in paragraaf 2 van hierdie AANHANGSEL, soos hieronder vermeld:

<u>Hoeveelheid</u>

2 300 metrieke tonne

Indien die datum waarna verwys word in paragraaf 2 van hierdie AANHANGSEL ooreenstem met 'n datum na 1 Januarie en voor 31 Desember van dieselfde kalenderjaar, die TSK hoeveelheid, wat van toepassing sal wees op die oorblywende kalenderjaar, sal pro rata verminder word met die oorblywende aantal dae van daardie kalenderjaar.

Hierdie TSK is slegs van toepassing op ingevoerde produkte in verpakkings van 5 kg of meer.

Oorspronklike goedere in faseringskatagorie "H*" sal slegs verkoop word vir gebruik in die vervaardigingproses. Die vervaardigings entiteit sal geidentifiseer word op die kommersiële dokumente van die ontvanger of koper in die SADU.

(f) [*vark*] die totale hoeveelheid van goedere van herkoms in die faseringskatagorie "I*" wat toegelaat sal word om elke kalenderjaar vry van reg ingevoer te word, met ingang vanaf die datum waarna verwys word in paragraaf 2 van hierdie AANHANGSEL, soos hieronder vermeld:

<u>Hoeveelheid</u>

1 500 metrieke tonne

Hierdie totale hoeveelheid sal toegelaat word om elke kalenderjaar ingevoer te word teen 'n doeanereg wat ooreenkomstig die volgende bepalings vasgestel is:

(i) op die datum waarna verwys word in paragraaf 2 van hieride AANHANGSEL, sal elke doeanereg verminder word na 87.5 persent van die MBN toegepaste skaal;

(ii) op 1 Januarie, vervolgens die datum waarna verwys word in paragraaf 2 van hierdie AANHANGSEL, sal elke doeanereg verder verminder word na 75 persent van die MBN toegepaste skaal;

(iii) een jaar na 1 Januarie vervolgens die datum waarna verwys word in paragraaf 2 van hierdie AANHANGSEL, sal elke doeanereg verder verminder word na 62.5 persent van die MBN toegepaste skaal;

(iv) twee ( 2) jaar na 1 Januarie vervolgens die datum waarna verwys word in paragraaf 2 van hierdie AANHANGSEL, sal elke doeanereg verder verminder word na 50 persent van die MBN toegepaste skaal;

(v) drie (3) na 1 Januarie vervolgens die datum waarna verwys word in paragraaf 2 van hierdie AANHANGSEL, sal elke doeanereg verder verminder word na 37.5 persent van die MBN toegepaste skaal; en

(vi) vier (4) jaar na 1 Januarie vervolgens die datum waarna verwys word in paragraaf 2 van hierdie AANHANGSEL, sal elke doeanereg verder verminder word na 25 persent van die MBN toegepaste skaal.

Indien die datum waarna verwys word in paragraaf 2 van hierdie AANHANGSEL, ooreenstem met 'n datum na 1 Januarie en voor 31 Desember van dieselfde kalenderjaar, sal die TSK hoeveelheid, wat van toepassing is op die oorblywende kalenderjaar, pro rata verminder word met die oorblywende aantal dae van die kalenderjaar.

(g) [*botter en ander suiwel vette*] die totale hoeveelheid van goedere van herkoms in faseringskatagorie "J*"wat toegelaat sal word om elke jaar ingevoer te word, met ingang vanaf die datum waarna in paragraaf 2 van hierdie AANHANGSEL verwys word soos hieronder vermeld:

<u>Hoeveelheid</u>

500 metrieke tonne

Hierdie totale hoeveelheid sal toegelaat word om op elke kalenderjaar ingevoer te word teen 'n doeanereg wat ooreenkomstig met die volgende bepalings vasgestel is:

(i) op die dag waarna verwys word in paragraaf 2 van hierdie AANHANGSEL, sal elke doeanereg verder verminder word na 87.5 persent van die MBN toegepaste skaal;

(ii) op 1 Januarie wat volg op die datum waarna verwys word in paragraaf 2 van hierdie AANHANGSEL, sal elke doeanereg verder verminder word na 75 persent van die MBN toegepaste skaal:

(iii) een jaar na 1 Januarie wat volg op die datum waarna verwys word in paragraaf 2 van hierdie AANHANGSEL, sal elke doeanereg verder verminder word na 62.5 persent van die MBN toegepaste skaal;

(iv) twee (2) jaar na 1 January wat volg op die datum waarna verwys word in paragraaf 2 van hierdie AANHANGSEL, sal elke doeanereg verder verminder word na 50 persent van die MBN toegepaste skaal;

(v) drie (3) jaar na 1 January wat volg op die datum waarna verwys word in paragraaf 2 van hierdie AANHANGSEL, sal elke doeanereg verder verminder word na 37.5 persent van die MBN toegepaste skaal;

(vi) vier (4) jaar na 1 January wat volg op die datum waarna verwys word in paragraaf 2 van hierdie AANHANGSEL, sal elke doeanereg verder verminder word na 25 persent van die toegepaste skaal.

Indien die datum waarna verwys word in paragraaf 2 van hierdie AANHANGSEL ooreenkom met 'n datum na 1 Januarie en voor 31 Desember van dieselfde kalenderjaar, sal die TSK hoeveelheid, wat van toepassing sal wees op die res van die oorblywende kalenderjaar, pro rata verminder word met die oorblywende aantal dae van die kalenderjaar.

(h) [*roomys*] die totale hoeveelheid van goedere van herkoms in faseringskatagorie "K*"wat toegelaat sal word om elke jaar ingevoer te word teen 'n doeanereg van 50 persent van die MBN toegepaste skaal, met ingang vanaf die datum waarna in paragraaf 2 van hierdie AANHANGSEL verwys word soos hieronder vermeld:

Hoeveelheid

150 metrieke tonne

Indien die datum waarna verwys word in paragraaf 2 van hierdie AANHANGSEL ooreenkom met 'n datum na 1 Januarie en voor 31 Desember van dieselfde kalenderjaar, sal die TSK hoeveelheid, wat van toepassing sal wees op die res van die oorblywende kalenderjaar, pro rata verminder word met die oorblywende aantal dae van die kalenderjaar.

(i) [*mortadella bologna* ] die totale hoeveelheid van goedere van herkoms in faseringskategorie "L*" wat toegelaat sal word om elke jaar ingevoer te word teen 'n doeanereg van vry, met ingang vanaf die datum waarna in paragraaf 2 van hierdie AANHANGSEL verwys word soos hieronder vermeld:

Hoeveelheid

100 metrieke tonne

Indien die datum waarna verwys word in paragraaf 2 van hierdie AANHANGSEL ooreenkom met 'n datum na 1 Januarie en voor 31 Desember van dieselfde kalenderjaar, sal die TSK hoeveelheid, wat van toepassing sal wees op die res van die oorblywende kalenderjaar, pro rata verminder word met die oorblywende aantal dae van die kalenderjaar.

Produkte onder hierdie TSK sal vergesel word deur 'n sertifikaat, in Engels of met 'n amptelike vertaling in Engels, wat verklaar dat die produk aan die vereistes voldoen met die spesifikasies van die geografiese aanduiding "mortadella bologna" gemaak van natuurlike omhulsel, en ingevoer is vanaf en met herkoms van Italië.

3.4 Vir die doeleindes van paragraaf 3.3 sal die volgende van toepassing wees –

(a) die datum waarna verwys word in paragraaf 1 in Deel 1 van Aanhangsel II is 10 Oktober 2016, ingevolge Artikel 113(4) van die Ooreenkoms; en

(b) die datum waarna verwys word in paragraaf 2 in Deel 1 van Aanhangsel II is 1 November 2016, ingevolge Artikel 113(5) en 113(6) van die Ooreenkoms.

3.5 Sodanige laer skaal van reg is net van toepassing op die betrokke goedere gedurende die vermelde periode –

(a) die goedere ingevoer is en word vir binnelandse verbruik geklaar;

(b) 'n tariefkwota beskikbaar is en vir binnelandse verbruik aangewend word; en

(c) waar die goedere onderhewig is aan 'n permit uitgereik deur die Nasionale Departement van Landbou, 'n geldige permit getoon word ten tye van klaring vir binnelandse verbruik.

3.6 Enige tariefkwota word toegeken op sodanige goedere op die eerste-kom, eerste-bedien grondslag ten tye van die voorlegging van 'n geldige klaringsbrief vir binnelandse verbruik ondersteun deur-

(a) alle dokumente wat vereis is om voorgelê te word ingevolge afdeling 39 met inbegrip van geldige bewys van herkoms dokumente soos in die Protokol beoog.

(b) ‘n aansoek vir sodanige kwota; en

(c) ‘n geldige permit van die Nasionale Departement van Landbou, indien van toepassing.

3.7 Die prosedures verwant aan die aansoek vir en toekenning van tariefkwotas word voorgeskryf in die reëls by afdeling 49.

3.8 Enige balans van ‘n tariefkwota wat oorbly teen die einde van enige vermelde tydperk nie oorgedra word na die volgende tydperk nie.

3.9 Wanneer die tariefkwota uitgeput is gedurende die vermelde tydperk, sal die reg wat vermeld word ten opsigte van die betrokke goedere, in die EU kolom betaalbaar wees.

3.10 Vir die jaar 2016 word die kwotas gespesifiseer in 3.3 op ‘n pro-rata grondslag toegepas.

4.

(a) Vir die doeleindes van klaring van enige ingevoerde goedere teen die laer skaal van reg in die EU kolom gespesifiseer sal die invoerder ten tye van klaring vir binnelandse verbruik van enige besending-

(i) voorlê, tesame met enige dokumente wat vereis word om voorgelê te word ingevolge afdeling 39, ‘n geldige bewys van herkoms en voldoening met die grondgebied vereistes ooreenkomstig met die bepalings van Deel A van die Bylae tot die Algemene Opmerkings van Bylae No. 1;

(ii) sal slegs op betaling geregtig wees van sodanige laer skaal van reg ten opsigte van goedere onderhewig aan ‘n TSK, as sodanige kwota toegeken is ingevolge die voorsienings van die reëls van afdeling 49 met betrekking tot tariefkwotas.